Sondag, 21 Julie 2024

## Is hierdie huwelik op die rotse?

*"'Kla julle ma aan, kla haar aan, want sy is nie my vrou nie, en Ek is nie haar man nie...*
*Maar sy het nie erken dat dit Ek is wat vir haar koring, nuwe wyn en olie gegee het nie;*
*silwer het ek vir haar in oorvloed gegee, ook goud. ...Maar My het sy vergeet,'*
*is die uitspraak van die Here.*
*'Daarom, kyk, Ek gaan haar oorhaal, haar na die woestyn laat gaan,*
*en mooi met haar praat.*
*Ek gaan My in trou aan jou verloof, en jy sal die Here erken.'"*
(Hosea 2:1, 7, 12-13 & 19)
*"Maar Ek hou dit teen jou dat jy jou eerste liefde versaak het."*
(Openbaring 2:4)

Hosea kry die vreemdste opdrag wat vir hom soveel hartseer sou bring; die hartseer van verwerping, van teleurstelling. In Hosea 2 gaan dit nie meer oor Hosea en Gomer en hulle stukkende werklikheid in die eerste plek nie. Sommer gou kom ons agter dat dit hier oor 'n ander huwelik gaan, die huwelik waarvan Hosea en Gomer s'n maar net 'n skaduwee was. Ook hierdie huwelik blyk in die moeilikheid te wees. En vir 'n oomblik leer ons Gód se pyn ken, deur die gebroke hart van 'n getroue eggenoot, tussen die wrakstukke van 'n huwelik wat deur ontrouheid uitmekaar geruk word.

Die eerste woorde van hierdie hoofstuk is hof-taal. Ons lees van aanklagte en getuies (haar eie kinders) wat opgeroep word om te getuig van die pyn wat haar ontrouheid veroorsaak. Ons hoor die rou eerste reaksie van teleurstelling wanneer die getroue eggenoot wil straf en wegstap uit hierdie verhouding wat soveel pyn bring. Hy het die reg aan sy kant, maar tog, ten spyte van die woede wat haar teleurstelling veroorsaak het, vind ons dat daar steeds iets oorgebly het in die hart van die getroue eggenoot. Iets wat nie sin maak in die omstandighede nie. Sy het geen rede vir hom gegee om haar te probeer terug wen nie, en tog is daar 'n nou poort van hoop (vers 14). Dit is juis in hierdie bo-menslike tweede kans dat ons besef hierdie verhaal gaan nie net oor Hosea en Gomer nie, maar dat dit die storie is van Israel en God, van Christus en sy bruid, van my en God. Ook 'n verhaal van teleurstelling, van wegloop-liefde en 'n soekende God.

Kan hierdie huwelik, hierdie verhouding herstel? God gaan weer alles doen om haar hart terug te wen, Hy gaan mooi praat (vers 13), Hy gaan haar nog beter versorg (vers 14), Hy gaan Hom weer aan haar verloof (vers 18-19), Hy gaan vir haar ontrouheid, vir haar onreinheid sterf... Hy gaan vir Lo-Ammi, vir "Nie-my-volk-nie" – 'n nuwe naam gee...

**– ds. Johan Marais**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout; die gesinsdiens in die saal deur ds. Jan Lubbe. Welkom ook aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof te kom geniet, en nog 'n bietjie te kuier.

## LITURGIE

| | |
|---|---|
| **Votum:** | Ps. 117:1-2 *"Loof die Here, alle nasies..."*<br>Lied 156:1 ,2 & 4 Loof, loof die Here! |
| **Seëngroet:** | Genade vir julle en vrede van God ons Vader... |
| **Loflied:** | Lied 200:1, 2 & 3 U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie |
| **Wet:** | Rom 13:8-10 *"...Wie sy medemens liefhet, het die wet vervul..."* |
| **Skuldbelydenis:** | Ps. 130:1 & 2 Uit dieptes van die duister<br>(TT Cloete, 2de melodie) |
| **Genadeverkondiging:** | Rom 5:1-2 *"...op grond van geloof geregverdig is,..."* |
| **Danklied:** | Lied 510:1 & 4 Genade, onbeskryflik groot |
| **Gebed** | |
| **Skriflesing:** | Hosea 2 |
| **Woordverkondiging:** | **Tema:** Is hierdie huwelik op die rotse? |
| **Gebed** | |
| **Geloofsbelydenis:** | Apostoliese Geloofsbelydenis |
| **Liefdegawes** | |
| **Slotlied:** | Lied 334:1, 2, 3 & 4 God is liefde, juig ons harte |
| **Seën** | |

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 21 Julie | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Ds. Janke Hurter & sielkundige Anneke Coetsee: **Jeugdiens** oor stress en uitbranding – hoe voorkom ek dit in myself? *#Roadtrip* |
| Sondag, 28 Julie | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (Hosea 3); gesinsdiens in die saal – ds. Janke Hurter<br>15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens)<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: Diens vir Woord, stilte en gebed (Taizé) |

**Ons nooi almal nou ook al uit na die Wyksbyeenkomste, Sondagaand 4 Augustus.**

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 21 Julie | Gerhard Coetzer, Philip du Preez, Bees Grobler, Johan Streicher, Jeannine van den Berg en Magriet van Wyk. |

| | |
|---|---|
| 22 Julie | Barend Bezuidenhout, Ina Cloete, Hanri de Jonge, Coenie Hattingh, Martina Janse van Vuuren en Eben van Rooyen. |
| 23 Julie | Riana de Beer, Estelle Marais, Frans van Staden en Catherine Zietsman. |
| 24 Julie | Liam Becker, Debbie Breytenbach, Rosie Hutchinson, Shilon Lombard, Johan Loots en Jeanette Swanepoel. |
| 25 Julie | Stoffel du Praan, Lida Malan, Mia Rossouw, Ananda Schutte, Dot Steyn, Martie van Rooyen, Kayley Viviers en Uli Weilbach. |
| 26 Julie | Karin Burger, Wian Engelbrecht, Faan Hancke en Marina Hegter. |
| 27 Julie | Silvia de Waal, Maryna Greyling en Wian Matthee. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Tannie Erna Gouws (Serenicare, wyk 15a); Lynette Venter-Hefer (Inneslaan 7c, wyk 19b); Tannie Rina Visser (Batonstr. 2, Wyk 2); Donnette Watkins (Serenitas 141a, wyk15b); Tannie Santie Kleynhans en Tannie Corrie Barnard (Siësta, Wyk 10); Gerda Snyders (Willowood 1, Wyk18b); Oom Fanie van Jaarsveld (Serenitas 111, Wyk 15b) en Ida van Rensburg, vroeër van Winterstraat (Pretoria). Ons dink ook aan ds. Johan Marais, wat eerskomende Vrydag ingaan vir 'n knie-operasie (hy sal met verlof wees tot 8 Augustus 2024).

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) in die Konsistorie: "*'n Dankbare lewe"* (uit die Heidelbergse Kategismus). Kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy wil inskakel.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en vir meer besonderhede, kontak ds. Janke Hurter (078 894 9166).
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in Konsistorie: *"In Jesus se voetspore"* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

## KERKRAADSAKE

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...
Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
Gedurende Julie sorg **Wyke 11** (Blok suidwes van Johieshof) en **Wyk 12** (Blok noordwes van Tempe en langs N1) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Indien jy wil help, skakel die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

Bedieninge wat hierdie week vergader, is die volgende – en jy is hartlik welkom daarby:

| | |
|---|---|
| **Diensverhoudinge:** | Maandag, 22 Julie om 17:30 |
| **Eiendomskomitee:** | Dinsdag, 23 Julie om 17:30 |
| **Getuienis & Barmhartigheid:** | Donderdag, 25 Julie om 17:30 |
| **Geldsakekomitee:** | Maandag, 29 Julie om 17:30 |

**EREDIENSBEDIENING**
Hulp benodig met **sangleiding en -projeksie** Sondagoggende in die gesinsdiens in die saal – kontak ds. Jan (082 784 9362) of die kerkkantoor. Dankie!

**GEMEENTEBEDIENING**
**NG Kerk Vrystaat Vroue-retreat, 9-11 Augustus 2024 @ Moolmanshoek:**
Daar is nog plek vir vroue wat wil saamgaan vir twee verkwikkende dae in 'n pragtige Oos-Vrystaatse omgewing – skakel die kerkkantoor vir meer inligting, en gee jou naam op.

**GETUIENISBEDIENING**
**Gemeentemark Vrydag, 2 Augustus:**
Skenkings van bruikbare klerasie & kombuisware vir ons Gemeentemark is welkom!

## BERG-EN-DAL KERMIS 2024




In 'n kwartaal vol ander hoogtepunte ook, staan die datum van **Vrydag, 13 September** uit – merk dit asb. nou reeds in jul dagboek as 'n dag van saamkuier, eet en geniet, musiek, snuffelstafels en die deel van God se goedheid vir ons gemeente: Ons vier die 68ste verjaarsdag van Berg-en-Dal, vanjaar, met 'n lekker plaasatmosfeer.
(sien binne vir meer inligting)

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 21 Julie: **Bedieningsmateriaal / Mediateek**
U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005)**.

SnapScan

## ANDER

**Hospice Bloemfontein & Joshua na die Reën:**
Vrydagaand, 26 Julie om 18:00 @ Berg-en-Dal, bied Hospice Bloemfontein die *"Alleen op die Bergpiek"*-konsert van Joshua na die Reën in ons kerksaal aan – baie meer as net vermaak; dis 'n kans om met musiek, digkuns, asem en mekaar op reis te gaan… Skakel Rolyn 078 501 3489 of Christelle 082 260 2641 vir meer besonderhede & besprekings.